# PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL

**(TAAL, GELETTERDHEID & KOMMUNIKASIE)**

**AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | **: 12** | **DATUM** | **: FEBRUARIE 2014** |
| **VRAESTEL** | **: TAAL IN KONTEKS** | **TYD** | **: 1 UUR** |

---

**EKSAMINATOR : Mnr. W. Swart**
**MODERATOR : Me. M. Watson**

---

**Instruksies:**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

   | | | |
   |---|---|---|
   | **Afdeling A:** | **Leesbegrip** | **(15)** |
   | **Afdeling C:** | **Taalstrukture en -konvensies** | **(15)** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**
3. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**
4. **Nommer die VRAE wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**
5. **Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.**
6. **Nommer in die middel van die bladsy.**
7. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**
8. **Skryf met 'n BLOU PEN.**
9. **Trek 'n streep na elke afdeling.**


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: INTERNETARTIKEL**

Lees die internetartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# DODEDANS VAN DIE DONDERSTORM



• Weerlig, hael, vloedwaters, dalk selfs verwoestende tornado's — dit alles veroorsaak dat 'n mens nooit jou ontsag vir donderweer moet verloor nie.

• Elke oomblik, ook terwyl jy nou hier lees, woed daar nie minder nie as omtrent 1800 donderstorms op die aarde. Dis 'n ongelooflike 16 miljoen per jaar!

Maar wat is donderstorms eintlik?

Meer oor weerlig:

• Weerlig kom in alle donderstorms voor; elke jaar tref dit die aarde omtrent twintig miljoen keer.
• Die krag van 'n enkele blits sou, as dit "vasgevang" sou kon word, 'n gloeilamp van honderd watt langer as drie maande kon laat brand.
• Sowat tagtig mense word jaarliks deur weerlig doodgeslaan en ongeveer driehonderd beseer.
• Die meeste sterftes en beserings kom smiddags en saans in die somermaande voor wanneer mense buitenshuis deur donderweer oorval word. Mense is al in die afgelope jare deur weerlig gedood terwyl hulle op 'n boot rondgevaar, onder 'n boom gestaan, gholf gespeel, oor die telefoon gepraat, perd gery en berg geklim het, om maar 'n paar bedrywighede te noem.
• Baie brande in beboste gebiede word deur weerlig veroorsaak.
• Die lug in die onmiddellike omgewing van 'n weerligstraal raak warmer as die oppervlak van die son! Die vinnige verhitting en verkoeling van die lug naby die Weerligkanaal veroorsaak 'n skokgolf wat ons as 'n donderslag hoor.

Hoe ver weg is 'n donderstorm?

Toe ons ouers (of grootouers) nog met myle pleks van kilometers gewerk het, het hulle só gemaak om dit te bereken:

• Tel die getal sekondes tussen 'n blits en die volgende donderslag.
• Deel hierdie getal deur 5 om die afstand in myle na die weerlig te bepaal.
• En in kilometers dan? Een myl staan gelyk aan omtrent 1,6 kilometer. Dit lyk of 'n mens die getal sekondes deur 3 moet deel om naastenby die kilometerlesing te kry, of hoe? Stel met jou sakrekenaar vas of dit korrek is!

**Veiligheidsmaatreëls teen weerlig:**

- Stel buitelugbedrywighede uit wanneer die weer opsteek vir ’n donderstorm. Dit is die beste manier om te voorkom dat jy in ’n gevaarlike situasie beland.
- Sorg dat jy dadelik in ’n stewige gebou of ’n motor kom. Moenie onder afdakke, onder geïsoleerde bome of in ’n voertuig met ’n verstelbare kap gaan skuil nie. Bly weg van hoë voorwerpe soos torings, heinings, telefoonpale en kragdrade.
- As dit blits en daar geen stewige skuiling is nie, klim in ’n toe-motor met ’n harde bak en hou die vensters toe. Moenie aan enige metaal raak nie.
- Moet glad nie oor die telefoon gesels nie—tensy daar nood is—en vermy enige elektriese apparate. As die modem van rekenaar met jou telefoon gekoppel is, ontkoppel dit betyds.

**As jy buite is en geen skuiling naby is nie:**

- Vind ’n laaggeleë plek weg van bome, heinings en pale. Maak egter seker dat dit nie ’n leegte is waar vloedwater jou kan oorval nie.
- Indien jy in die bos tussen baie bome is, gaan skuil onder die korter bome.
- As jy ’n prikkeling op jou vel voel of jou hare regop staan, hurk laag op die grond op die balle van jou voete. Plaas jou hand oor jou ore en druk jou kop tussen jou bene in. Maak jouself die kleinste teiken moontlik en maak die kontak wat jy met die grond maak so min as moontlik. Moet NIE op die grond gaan lê nie.
- As jy êrens op ’n dam of rivier in ’n boot vaar, sorg dat jy so gou moontlik by droë grond kom en ’n skuiling vind.
- Onthou, as jy die donderslae kan hoor, is jy naby genoeg om deur weerlig getref te word! En bly binnenshuis vir dertig minute nadat jy die laaste donderknal gehoor het.

**1.1** Wat impliseer die woord **“dodedans”** in die titel van die artikel oor donderstorms? **(1)**

**1.2** - Kies die antwoord wat **NIE** korrek is **NIE**.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Volgens die artikel kan donderstorms lei tot

**A.** vloedwaters.
**B.** hewige rukwinde.
**C.** verwoestende tornado’s.
**D.** weerlig en hael. **(1)**

**1.3** Watter **EEN WOORD** sê vir ons dat ‘n mens baie respek vir donderstorms moet hê? **(1)**

**1.4** Daagliks woed daar slegs 1800 donderstorms op die aarde.

**1.4.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.4.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.4.1 **(1)**

**1.5** - Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

| |
|---|
| aarde; daaglikse; weerlig; hael; wolke; jaarlikse; |

Die **1.5.1** _____ voorkoms van **1.5.2** _____ in alle donderstorms beteken dat die **1.5.3** _____ ongeveer twintig miljoen keer getref word. **(3)**

**1.6** Haal **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** aan wat vir ons sê hoeveel mense jaarliks sterf as 'n direkte gevolg van weerlig tydens 'n donderstorm? **(1)**

**1.7** Tydens watter seisoen van die jaar kom die meeste van die sterftes en beserings voor? **(1)**

**1.8** Wat suggereer die onderstreepte woord in die onderstaande aanhaling?

**"... wanneer mense buitenshuis deur donderweer <u>oorval</u> word."** **(1)**

**1.9** Noem **TWEE** buitenshuise sportaktiwiteite wat tydens 'n donderstorm lewensgevaarlik kan wees? **(2)**

**1.10** - Pas **KOLOM B** by **KOLOM A**.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.10.1** afstand van 'n donderstorm<br>**1.10.2** aantal donderstorms per jaar<br>**1.10.3** veiligste plek tydens 'n donderstorm | **A.** binnenshuis<br>**B.** min of meer 16 miljoen<br>**C.** afdakke en geïsoleerde bome<br>**D.** bepaal die sekondes tussen die blits en die donderslag |

**(3)**

**1.11** Dit is toelaatbaar om soms tydens 'n donderstorm onder 'n boom te skuil.

**1.11.1** Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? **(1)**

**1.11.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.11.1 **(1)**

**1.12** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

As jy buitenshuis is en daar geen skuiling naby is nie, moet jy

**A.** jou kontak met die grondoppervlak tot die minimum beperk.
**B.** wateraktiwiteite binne 30 minute stop en droë grond soek.
**C.** heinings, pale en motors vermy.
**D.** in enige laaggeleë plek skuiling soek. **(1)**

**1.13** Hoeveel tyd moet verloop na die laaste donderknal voordat dit veilig is om dit weer buitenshuis te waag? **(1)**

**TEKS B: GEDIG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae.

**Advice from above - Peter Snyders**

Die water willie weg vannie deer af bly nie,
nie iens met 'n little help
vannie neighbourhood kids nie;

die hys raakie droëre nie,
want die rient hou nie oppie;

die modder byrie voodeer
het al quicksand gewid;

die pad ommie drai is 'n yslike vlei,
En iemand het al verdrink
Wat 'n shortcut wou vat ...

Maarie Council herrie problem mooi gesolve,
en stier dié advice:

Move to higher ground.







**1.14** Watter variëteit van Afrikaans word in die gedig gebruik? **(1)**

**1.15** Gee die Afrikaanse woord vir **"advice"** uit die gedig. **(1)**

**1.16** Indien **"willie"** met 'n hoofletter geskryf was, sou dit die naam van 'n persoon wees.

Waarvoor staan **"willie"** in die gedig? **(1)**

**1.17** Hoe, dink jy, voel die spreker in die gedig oor die reën? Verduidelik hoekom hy so voel. **(2)**

**1.18** Haal **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** uit die gedig aan wat daarop dui dat die *Council* baie tevrede is met die oplossing wat hulle bied. **(1)**

**1.19** **"Maarie Council herrie problem mooi gesolve"**

Watter oplossing het die *Council* vir die probleem gegee? **(1)**

**1.20** Kyk na prentjie 2 langs die gedig. Noem **DRIE** verskille tussen die prentjie en die gedig? **(3)**

**TOTAAL AFDELING A: [30] ÷ 2 = [15]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**TEKS D: KOERANTARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op ʻn koerantartikel gebaseer.

## WEERLIG TREF NEGE SKOLIERE OP KES-VELD

13 FEBRUARIE 2013



**3.1** Gee die **ANTONIEM** van die woord tussen hakies.

King Edward VII School in Houghton is een van die **(swakste)** skole in Johannesburg. **(1)**

**3.2** Kies die korrekte **SPELVORM** vir die woorde tussen hakies.

In 2013 het weerlig **(eerstespan-krieketspelers / eerstespan krieketspelers)** getref. **(1)**

**3.3** Skryf die sin in die **LYDENDE VORM**.

Weerlig het nege van King Edward VII School se top krieketspelers getref. **(1)**

**3.4** - Gee die **OORTREFFENDE TRAP** van die woorde tussen hakies.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die **3.4.1 (jong)** seun was 16 jaar en die **3.4.2 (oud)** seun was 18 jaar. **(2)**

**3.5** - Kies die **KORREKTE SPELVORM** om die stelling te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

King Edward VII School is een van die top ______ in Johannesburg.

**A.** seuns-skole
**B.** seunskole
**C.** seunsskole
**D.** seuns-skoole **(1)**

**3.6** Verander die **VRAAGSIN** in ‘n **STELSIN**.

Het die nege krieketspelers geweet die weerlig is gevaarlik? **(1)**

**3.7** Gee die **KORREKTE VORM** van die **VOORNAAMWOORD** tussen hakies.

Die krieketveld **(op + wat)** die seuns gespeel het, is omring met hoë bome. **(1)**

**3.8** **VERBIND** die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Die krieketspelers is per ambulans na die Milpark-hospitaal geneem.
Hulle is deur die weerlig getref. (omdat)

Begin só: Omdat ... **(3)**

**3.9** Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD**.

Twee van die krieketspelers is in ‘n bedenklike toestand. **(2)**

**3.10** Skryf die sin oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die **KORREKTE VOLGORDE**.

Twee dae later (uit die hospitaal / vier van die nege krieketspelers / ontslaan / is). **(1)**

**3.11** Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Mphetho Bidli en Jayden Broodryk was in ‘n bedenklike toestand.

Begin só: Nie alleen ... **(3)**

**3.12** - Kies die woord wat die volgende **VASTE UITDRUKKING** korrek voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Parktown Boys’ High School en Jeppe High School for Boys het _____ vasgehou vir die spoedige herstel van die krieketspelers.

**A.** duim
**B.** hande
**C.** hoop
**D.** mekaar **(1)**

**3.13** Gebruik die sin hieronder en jou kennis van die **INFINITIEF** en **SKEIBARE WERKWOORD** en voltooi die sinne.

Die Gautengse Krieketraad neem Mphetho Bidli en Jayden Broodryk in die 0.19-span op.

**3.13.1** Die Gautengse Krieketraad het ... **(1)**
**3.13.2** Die Gautengse Krieketraad sal ... **(1)**
**3.13.3** Blykbaar ... **(1)**
**3.13.4** Dit blyk ... **(1)**

**3.14** Skryf die sin oor in die **INDIREKTE REDE**.

Een van die krieketspelers se ma's het gesê: "Dit was 'n act of God." **(2)**

**3.15** Die krieketspelers het baie **gely** as gevolg van die pyn wat hulle ervaar het.

Die **HOMOFOON** is **gelei**. Gebruik dit in 'n goeie sin sodat die betekenis duidelik blyk. **(1)**

**3.16** Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.

By skole landswyd was daar **(gebed)** vir die nege krieketspelers se vinnige herstel. **(1)**

**3.17** - Pas die taalfaset in **KOLOM B** by die voorbeeld in **KOLOM A**.
- Skryf net die vraagnommer en letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **3.17.1** Onderwysers en leerlinge behoort traumabera= ding te kry.<br>**3.17.2** Nòg die skool nòg die ouers blameer die span se afrigter vir die insident.<br>**3.17.3** Die krieketspelers se herstel weerspieël hulle wilskrag.<br>**3.17.4** Die weerlig wat die krieketspelers getref het, is 'n alledaagse verskynsel in Johannesburg. | **A.** Ontkenning<br>**B.** Skeibare werkwoord<br>**C.** Betreklike voornaamwoord<br>**D.** Infinitief<br>**E.** Onskeibare werkwoord |

**(4)**

**TOTAAL AFDELING C: [30] ÷ 2 = [15]**
**GROOTTOTAAL: [30]**